Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Shannon Doolings**
Direktoraat: Eksamenadministrasie
Shannon.Doolings@westerncape.gov.za | 021 467 2964

Lêerno.: 19/4/10/2
Verwysing: 2060203-310

Eksamenadministrasieminuut: 0001/2026

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

**Onderwerp: Aansoeke om betrekkings as interne moderators, hoofnasieners, adjunk-hoofnasieners, senior nasieners en nasieners vir November 2026 se Nasionale Senior Sertifikaat-, Junie 2027 se Nasionale Senior Sertifikaat- en Junie 2027 se Senior Sertifikaat-eksamens**

1. **Inleiding**

1.1 Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) het 'n mandaat om ingevolge die Personeeladministrasiemaatreëls, in *Staatskoerant* No. 46879 van 09 September 2022 gepubliseer, en soos in *Staatskoerant* No. 52227 van 07 Maart 2025 gewysig, asook enige ander bykomende kriteria wat deur die Hoof van Onderwys of aangewese amptenaar in die provinsie bepaal en goedgekeur is, nasieners aan te stel.

1.2 Aansoeke word ingewag van opvoeders, vakadviseurs en senior kurrikulumbeplanners wat aan die kriteria (soos in **Bylae A** uiteengesit) voldoen vir aansoeke om betrekkings as interne moderators, hoofnasieners, adjunk-hoofnasieners, senior nasieners en nasieners vir November 2026 se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-), Junie 2027 se NSS- en Junie 2027 se Senior Sertifikaat- (SS-) eksamens.

1.3 Suksesvolle aansoekers sal slegs vir die eksamentydperke vermeld, aangestel word. Alle nasieners wat dus in 2025 aangestel is en graag vir die 2026–2027-nasiensiklus in aanmerking wil kom, **moet weer in 2026 aansoek doen. 'n Nasiensiklus sluit die volgende nasientydperke in:**
(a) **Die NSS-eksamen in November**
(b) **Die hernasien van die NSS-eksamen wat die vorige jaar in November afgelê is**
(c) **Die NSS- en SS-eksamens in Junie**

(d) **Die hernasien van die NSS- en SS-eksamens wat in Junie van die daaropvolgende jaar afgelê word.**

2. **Kwalifiseringskriteria**

2.1 Voorkeur sal gegee word aan opvoeders wat **tans** voltyds graad 12-leerders aan die hand van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) by 'n skool **onderrig** (skoolgebaseer) of as **vakadviseur** (kantoorgebaseer) werksaam is.

2.2 Die nasien van NSS-antwoordskrifte is een van die belangrikste aspekte van die eksamenproses. Die WKOD is trots op die aanstelling van gekwalifiseerde en bevoegde nasieners. Prinsipale en ander senior amptenare wat nasieners aanbeveel, moet dus in goeder trou optree en sal verantwoordelik gehou word vir enige vals inligting wat gemagtig is.

2.3 **Persone wat nie kwalifiseer nie**

2.3.1 Opvoeders of vakadviseurs (kantoorgebaseer) wat **gedurende 2026 se akademiese jaar weens verpligte aftrede, vroeë aftrede, aftrede weens swak gesondheid of bedanking uit hul betrekking as opvoeder of amptenaar nie meer as 'n opvoeder of 'n vakadviseur (graad 12) werksaam is nie, sal nie** vir benoeming **kwalifiseer nie**. Die WKOD mag egter onder spesiale omstandighede die stel vaardighede van spesifieke individue tydens 'n nasiensiklus behou. Hierdie interne reëling sal aan spesiale goedkeuring deur die Hoof van Onderwys onderworpe wees.

2.3.2 Die volgende persone **sal nie** vir aanstelling as nasieners **oorweeg word nie**:

- Prinsipale en waarnemende prinsipale
- 'n Opvoeder/amptenaar wat 'n vrywillige skeidingspakket aanvaar het
- 'n Opvoeder/amptenaar wat weens swak gesondheid afgetree het
- 'n Opvoeder wat tans tutorklasse aanbied
- 'n Opvoeder/amptenaar wat die verpligte aftreeouderdom (65 jaar) bereik het
- 'n Skoolgebaseerde opvoeder wat vir 50 of meer skooldae gedurende die huidige akademiese jaar afwesig was (dit is op alle soorte verlof, behalwe kraamverlof, van toepassing)*
- 'n Kantoorgebaseerde opvoeder wat vir 20 of meer skooldae gedurende die huidige akademiese jaar afwesig was (jaarlikse verlofdae uitgesluit)*
- 'n Opvoeder/amptenaar wat nie die bevoegdheidstoets, in gevalle waar dit vereis word, afgelê het nie
- 'n Opvoeder/amptenaar wat 'n familielid het wat November 2026 se NSS-eksamen, Junie 2027 se NSS- en Junie 2027 se SS-eksamens sal aflê en by die opvoeder/amptenaar inwoon, kwalifiseer nie vir aanstelling as hoofnasiener, adjunk-hoofnasiener of interne moderator nie. Sodanige persoon mag egter wel aansoek doen om die betrekking as senior nasiener of nasiener.
- 'n Opvoeder, vakadviseur of senior kurrikulumbeplanner wat na 'n ander pos gesekondeer is en wat **nie tans** die vak voltyds **onderrig en/of as vakadviseur werksaam is nie**

- Opvoeders of amptenare by distrikskantore en Hoofkantoor wat nie meer regstreeks by die onderrig van leerders of as vakadviseur betrokke is nie
- ’n Buitelandse opvoeder wat nie in besit is van ’n Suid-Afrikaanse identiteitsdokument (ID)/slim-ID-kaart nie
- ’n Persoon in enige ander betrekking as dié van ’n voltydse opvoeder of vakadviseur vir die betrokke vak
- ’n Opvoeder/amptenaar met ’n kriminele rekord of wat uit die diens van enige Suid-Afrikaanse staatsdepartement ontslaan is
- ’n Opvoeder/amptenaar wat die Eksamenregulasies oortree het en steeds die sanksies uitdien
- ’n Opvoeder/amptenaar wat enige van die aanstellingsregulasies vir nasieners in aanloop tot en gedurende die nasientydperk oortree het
- ’n Opvoeder/amptenaar met ’n hangende tugsaak teen hom/haar
- ’n Opvoeder/amptenaar wat skuldig bevind is aan wangedrag van enige aard en teen wie strafmaatreëls ingestel is
- ’n Opvoeder, vakadviseur of senior kurrikulumbeplanner wat die nasienprotokolle of -reëls oortree het
- ’n Opvoeder/amptenaar wat vals of verkeerde inligting in hul aansoek verskaf het
- ’n Opvoeder/amptenaar wat nie assesseringspraktyke korrek toepas nie
- ’n Opvoeder/amptenaar wat nie die toepaslike prestasievlakke kon bereik nie en nie aan die eise om die gehaltestandaard van die nasienproses te handhaaf, kon voldoen nie

** Sodanige opvoeder/amptenaar moet in elk van hierdie gevalle **twee weke voor** die aanvang van die nasientydperk vir diens aanmeld en moet **bewys van goeie gesondheid** kan lewer.*

3. **Aansoekproses**

3.1 **Voordat** aansoekers dit oorweeg om ’n formele aansoek in te dien om na te sien, moet hulle **Bylae B** raadpleeg, asook die **handleiding vir die nasien van die NSS-eksamens in November 2025** (wat beskikbaar is onder die *HELP*-funksie as die *Procedure for Exam Marking* by https://exams.westerncape.gov.za/markers/UserManual/Index) om hulself te vergewis van die rolle en verantwoordelikhede van ’n nasienamptenaar.

3.2 **Tydraamwerk vir aanlyn aansoeke as nasieners**

| Betrekking waarvoor aansoek gedoen word | Aansoeke open | Aansoeke sluit |
|---|---|---|
| Alle betrekkings as nasieners, wat praktiese vakke insluit | 11 Februarie 2026 | 06 Maart 2026 |

3.3 Toegang tot die aansoekplatform kan deur middel van die WKOD se webwerf verkry word by: https://wcedonline.westerncape.gov.za/vacancy-lists

3.4 Aansoekers kan die hulplêer aflaai deur die volgende skakel te gebruik: https://exams.westerncape.gov.za/markers/UserManual/Index

3.5 Aansoekers moet **per vakvraestel en betrekking** waarvoor hulle in aanmerking kom (**Bylae A**) aansoek doen. Indien 'n aansoeker byvoorbeeld aansoek doen om 'n betrekking as adjunk-hoofnasiener, moet hy/sy ook aansoek doen om die betrekking as senior nasiener **en** nasiener.

3.6 Aansoekers wat aansoek doen om Religiestudies na te sien, sal albei vakvraestelle moet nasien en moet daarom aansoeke indien om beide vraestelle na te sien.

3.7 Elke aansoeker sal aanspreeklik wees vir die akkuraatheid van alle inligting wat op die aanlyn stelsel vir nasieners ingevoer word, asook die dokumente wat opgelaai word. Indien bevind word dat enige aansoeker bedrieglike inligting of dokumente ingedien het, sal sodanige aansoeker nie benoembaar wees vir enige betrekking as nasiener nie.

3.8 Gewaarmerkte stawende dokumente mag op 03 Februarie 2026 (die datum waarop aansoeke open), nie ouer as ses maande wees nie.

3.9 **'n Beëdigde verklaring wat in plaas van 'n vereiste dokument ingedien word, sal slegs vir EEN JAAR geldig wees.** 'n Aansoeker wat in 2025 'n beëdigde verklaring ingedien en opgelaai het, mag nie in 2026 weer 'n beëdigde verklaring indien en oplaai nie.

3.10 **Indien foutiewe of ongewaarmerkte stawende dokumente ingedien word, sal die aanlyn stelsel vir nasieners outomaties die aansoek, asook die dokumente wat opgelaai is, verwerp.** Die aansoeker sal dan 'n volledige nuwe aansoek moet indien en sal weer al die korrekte en gewaarmerkte stawende dokumente moet indien en oplaai.

3.11 **Aansoeke van nasieners wat nie al die vereiste en gewaarmerkte stawende dokumente bevat nie, sal as onvolledig beskou en verwerp word.**

3.12 Aansoekers wat hul akademiese rekords of kwalifikasiesertifikate verloor het, moet formeel by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid of die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding om afskrifte daarvan aansoek doen.

3.13 Dit is volgens wet 'n voorvereiste dat alle aansoekers klaring ondergaan. Die klaring sal deur 'n eksterne diensverskaffer gedoen word wat deur die WKOD aangestel is. Klaring verifieer 'n nasiener se besonderhede, wat kwalifikasies, registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, burgerskap, huidige indiensnemingstatus, adres, ens., insluit. Nietemin is die onus op die aansoeker en is dit die aansoeker se verantwoordelikheid om enige inligting wat hul aanstelling as nasiener nadelig kan beïnvloed, openbaar te maak. Die WKOD sal geen verantwoordelikheid aanvaar vir 'n aanstelling wat verkeerdelik gemaak is in gevalle waar nasieners se besonderhede nie korrek openbaar gemaak is nie. Aansoekers sal individueel deur die WKOD van enige bykomende klaringsvereistes in kennis gestel word.

3.14 **Enige aansoeker wat die vereiste ondertekende verklaringsvorm vir nasieners indien wat vals of bedrieglike inligting bevat, sal nie vir aanstelling in enige betrekking as nasiener kwalifiseer nie en dissiplinêre stappe mag teen sodanige aansoekers geneem word.**

3.15 Betrekkings as nasieners kan nie gewaarborg word nie en aansoekers moet hul verwagtinge dienooreenkomstig aanpas.

3.16 'n Aansoek wat suksesvol ingedien is, waarborg nie aanstelling as nasiener nie. 'n Aanstelling in enige betrekking as nasiener word slegs bevestig wanneer 'n **FINALE aanstellingsbrief** wat deur die Hoof van Onderwys of sy aangewese amptenaar onderteken is, ontvang word.

## 4. Bevoegdheidstoetse vir nasieners

4.1 Die WKOD sal in 2026 bevoegdheidstoetse in die volgende vakke afneem:

- Rekeningkunde
- Besigheidstudies
- Verbruikerstudies
- Ekonomie
- Engels Huistaal
- Afrikaans Huistaal
- Xhosa Huistaal
- Geografie
- Geskiedenis
- Lewenswetenskappe
- Wiskunde
- Wiskundige Geletterdheid*
- Fisiese Wetenskappe

** Opvoeders wat nasienondervinding van graad 12 het, en wat gedurende 2021 tot 2025 se nasientydperke as nasieners diens gedoen het, **hoef nie** die bevoegdheidstoets in hierdie vak te skryf **nie**. Weens die kurrikulum- en formaatveranderinge aan Vraestel 1 en 2 moet aansoekers wat die bevoegdheidstoets **voor 2021** afgelê het en wat **nie** tydens 2021 tot 2025 se nasientydperk **as nasieners diens gedoen het nie**, aansoek doen om die bevoegdheidstoets te skryf.*

4.2 Slegs aansoekers wat 60% en hoër in die bevoegdheidstoetse behaal, sal vir aanstelling as nasienamptenare oorweeg word. Die uitslae van die toetse sal slegs aan aansoekers beskikbaar gestel word en kan vir ontwikkeling gebruik word.

4.3 Aansoekers wat tussen 2021 en 2025 die bevoegdheidstoets afgelê het in die vakke wat in paragraaf 4.1 hierbo genoem word en 'n slaagsyfer van minstens 60% behaal het, **hoef nie** weer in 2026 die bevoegdheidstoets vir hierdie vakke **af te lê nie**, op voorwaarde dat hulle gedurende die gespesifiseerde nasiensiklus van vyf jaar (2021 tot 2025) as nasieners in die betrokke vak opgetree het en die diens wat hulle as nasieners gelewer het, bevredigend

was. Aansoekers wat egter hul uitslae wil verbeter, met inagneming van die afwyking vir Wiskundige Geletterdheid, word aangemoedig om die bevoegdheidstoetse weer af te lê en die inligting vir persoonlike groei aan te wend.

4.4 Die beplande datums vir die aflê van 2026 se bevoegdheidstoetse is **13-15 April 2026**.

4.5 **Aansoekers moet die volgende skakel gebruik om vir die bevoegdheidstoetse te registreer:** https://forms.gle/BndqadorQuCfdUBo9

4.6 Indien aansoekers nie registreer nie, sal hulle nie inligting oor die bevoegdheidstoetse ontvang nie. Enige aansoeker wat sonder die geldige registrasie vir die bevoegdheidstoets aanmeld, sal nie toegelaat word om die bevoegdheidstoets af te lê nie.

4.7 **Die sluitingsdatum vir registrasie om bevoegdheidstoetse af te lê is 26 Februarie 2026.**

4.8 Waar moontlik, sal alle moontlike pogings aangewend word om dit vir aansoekers moontlik te maak om die bevoegdheidstoets by 'n lokaal in die distrik waar hulle woon, af te lê.

4.9 Die bevoegdheidstoets is gegrond op kennis van die inhoud van die NSS-vak in die KABV-kurrikulum en die toepaslike nasienvaardighede in daardie vak. In die geval van vakke wat uit twee of meer vraestelle bestaan, sal aansoekers oor die gekombineerde kurrikuluminhoud van al die vraestelle getoets word. In die geval van Tale sal aansoekers oor die gekombineerde kurrikuluminhoud van Vraestel 1, Vraestel 2 en Vraestel 3 getoets word. Dit is verpligtend om die **volledige bevoegdheidstoets** (AL die vraestelle vir daardie vak) af te lê.

4.10 **Vanaf 2027 sal daar van alle nuwe nasieners verwag word om 'n nasienkursus (wat sal bydra tot hul punte vir hul Deurlopende Onderwyserontwikkeling) by te woon voordat hulle die bevoegdheidstoets aflê. Die punt wat in die bevoegdheidstoets behaal word, sal gedurende hierdie jaar se nasiensiklus vir die laaste keer as deel van die aanstellingskriteria gebruik word.**

## 5. Aanstellingsproses

5.1 Die aanstellingsproses vir alle nasieners word in die tabel hieronder uiteengesit:

| Stappe | Aanlyn status van nasiener | Beskrywing |
|---|---|---|
| Stap 1 | Verifiëring nog nie afgehandel nie | Verifiëring van 'n aansoek wat aan al die kriteria voldoen, en op voorwaarde dat al die korrekte stawende dokumente opgelaai is |
| Stap 2 | Aanbeveling/ verwerping | Stawende dokumente en aansoek word op verskillende vlakke geverifieer.<br>Status sal as verwerp vertoon indien foutiewe of ongewaarmerkte dokumente opgelaai is. |

| | | |
|---|---|---|
| Stap 3 | Benoeming | Wag op die goedkeuring van die Hoof van Onderwys |
| Stap 4 | Kom in aanmerking vir aanstelling | Voorlopige aanstelling (brief word uitgereik met die oog op aanvaarding deur aansoeker) |
| Stap 5 | Onsuksesvol | Aansoek is nie suksesvol nie |
| Stap 6 | Reserwe | Aansoeker word op die reserwelys geplaas (die volle getal nasieners is bereik) |
| Stap 7 | Aangestel | Aansoeker word amptelik aangestel om nasienwerk te verrig |

5.2 Indien 'n tekort aan nasieners gedurende enige stadium van die aanstellingsproses geïdentifiseer word, behou die WKOD die reg om te versoek dat geïdentifiseerde dienende opvoeders en/of adviseurs met 'n bevredigende diens- en dissiplinêre rekord om hierdie betrekkings aansoek doen.

5.3 Alle aangestelde nasieners wat nie meer beskikbaar sal wees om na te sien nie, **moet die WKOD sewe dae voor** die aanvang van die nasienproses daarvan in kennis stel.

5.4 Alle voornemende en/of aangestelde nasieners **moet die WKOD drie maande voor** die aanvang van die nasiensiklus in kennis stel indien sodanige nasiener **nie meer as 'n graad 12-opvoeder of -vakadviseur (kantoorgebaseer) werksaam is nie**.

5.5 Alle aangestelde nasieners MOET voor die aanvang van die nasiensiklus (verwys na **Bylae C**) die **WKOD in kennis te stel** indien hul **indiensnemingstatus** ter eniger tyd sou verander. Dit is ook van toepassing indien 'n opvoeder se status verander—

(a) van **prinsipaal** of **waarnemende prinsipaal**;

(b) van **waarnemende prinsipaal** na **prinsipaal**; of

(c) as gevolg van hervestiging in 'n ander provinsie.

5.6 Finale aanstellingsbriewe sal slegs uitgereik word aan nasieners wat hul ondertekende voorlopige aanstellingsbriewe betyds indien.

5.7 Nasieners word aangemoedig om nasienondervinding in al die vraestelle vir 'n spesifieke vak op te doen. Die WKOD mag nasieners versoek om aansoek te doen om ander vakvraestelle na te sien indien hulle langer as vyf jaar reeds dieselfde vakvraestel nagesien het.

5.8 Senior nasienspanlede sal in die belang van opvolgbeplanning jaarliks beoordeel word en kan geroteer word. Hierdie proses is in werking gestel om opwaartse mobiliteit en geleenthede vir nasieners wat oor die nodige vaardighede, kennis, onderrig- en nasienondervinding beskik, te bevorder en om te alle tye stabiliteit in die nasienproses te verseker.

5.9 In die geval waar 'n fout van enige aard met die aanstelling van 'n nasiener begaan is, behou die WKOD die reg voor om enige nodige regstelling aan te bring.

5.10 Slegs die Hoof van Onderwys mag die kriteria vir die aanstelling van nasieners verslap.

5.11 Die aanstelling van enige nasiener kan te eniger tyd, soos in **Bylae A** uiteengesit, beëindig word.

6. **Vereistes vir die beskikbaarheid van nasieners**

6.1 Daar word voorsien dat die nasienproses in Desember 2026 interne skoolprosesse mag belemmer. Die WKOD is egter daartoe verbind om alle onderrig- en leertyd te beskerm. Sodra nasieners aangestel en vrygestel is, word hulle verplig om vir die **volle duur** van die opleidings- en nasienproses van November 2026 se NSS-eksamens vir diens beskikbaar te wees. Hierdie datums sal vooraf bevestig word om te verseker dat prinsipale hul einde-van-jaar-beplanningsprosesse betyds kan finaliseer.

6.2 Beginnernasieners kan versoek word om 'n oriënteringsessie by te woon tydens die naweek voordat die nasien 'n aanvang neem.

6.3 Aangestelde hoofnasieners en interne moderators **MOET** die standaardiseringsvergaderings vir nasien **in persoon bywoon.** Die bywoning is in ooreenstemming met die Departement van Basiese Onderwys en WKOD se vereistes en verteenwoordig opvoeders se sienings oor die gehalte van vraestelle. Voorts moet aangestelde hoofnasieners en interne moderators oriënteringsessies in persoon bywoon soos en wanneer deur die WKOD bepaal.

6.4 Aangestelde senior nasienspanlede moet hulself vir die hernasien van eksamenskrifte beskikbaar stel.

6.5 Aangestelde nasieners sal onder geen omstandighede van die opleidings- of nasiendatums verskoon word nie. **Alle nasieners moet beskikbaar wees tot aan die einde van die nasientydperk** wanneer alle antwoordskrifte nagesien en gekontroleer is.

7. Die volgende bylaes word by hierdie minuut aangeheg:

Bylae A – Kriteria vir die aanstelling van nasieners
Bylae B – Instruksies om aanlyn aansoek te doen
Bylae C – Verklaring deur nasiener
Bylae D – Toestemmingsvorm ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013)
Bylae E – Lys van betrokke kontakpersone by Hoofkantoor

8. Kontak asseblief die betrokke amptenare, soos in **Bylae E** uiteengesit, indien enige bystand verlang word.

9. Prinsipale, distriksdirekteure, kringbestuurders en vakadviseurs word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle opvoeders te bring sodat hulle hul kan vergewis van die aansoekproses en aanstellingskriteria wat gevolg moet word. **Die Direktoraat: Eksamenadministrasie kan nie verantwoordelikheid aanvaar indien opvoeders nie in kennis gestel word van die inhoud van hierdie minuut nie, of as hulle nie al die vereiste dokumentasie indien nie.**

10. Die WKOD maak staat op u samewerking en ondersteuning in hierdie belangrike aangeleentheid.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2026-02-10